



AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 11

NASIENRIGLYNE

VRAESTEL 1

LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye

AFDELING A: LEESBEGRIP**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute waar eenwoord-antwoorde vereis word, word by Huistaal geenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte word onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG 1: ARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUN T	VLA K
1.1	Die titel verwys na die Malawimeer	1	1
1.2	'n Waterpas lyn is 'n reguit lyn, m.a.w.aanvanklik geen kronkels in die waterlyn nie.	1	3
1.3	Die pad loop so na aan die meer dat dit voel asof die water by die motorvenster invloei.	1	3
1.4	Die 600 km lange meer lê uitgestrek met 'n effense kromming, uitgestrek en verwelkomend/aanloklik.	1	3
1.5	Die vloedvlakte is die vlakte langs die oewers (√) van die meer; die berge herrys dus direk langs die meer (√) en lyk asof dit uit die meer opstyg.	2	3
1.6	Kassawa/Kassawe is 'n knolagtige plant. Brood word van kassawemeel gemaak. (<i>Slegs vir interessantheid</i>)	1	2
1.7	'n Feit. "Een van die meer se beste eetvisse ..."	1	2

VRAAG	ANTWOORD	PUN T	VLA K
1.8	Om in Afrika te toer verg fondse om die toer te finansier.	1	2
1.9	Die Malawisourus is 'n dinosourus (✓) waarvan die oorblyfsels in Afrika, (✓) spesifiek Malawi gevind is.	2	3
1.10	Laat u lei deur die kandidaat se antwoord bv, natuur/dierelewe/klimaat/voëlspesies. <i>(Die kandidaat noem EEN voorbeeld).</i>	1	1
1.11	Ons lees van netjiese uitstallings in dié Afrika-museum, maar reg agter die museum kalf 'n koei! (✓) Só iets sal nooit op die grasperk buite die Smithsonian-museum in Washington gebeur nie! (✓)	2	1
1.12	Jy vra vir 'n "green", want die etiket is groen.	1	1
1.13	Hulle besoek 'n sendingdorp (✓) bo-op die plato, weg van die meer. (✓)	2	3
1.14	Nee, die Condor beur met gemak teen die berg uit.	1	2
1.15	Dit is beslis 'n moeilike pad met afgronde, (✓) groot klippe en skerp draaie. (✓)	2	1
1.16	Om moue op te rol beteken om fluks te werk/hard te werk. Laws het hard kom werk in Afrika.	1	2
1.17	Chintheche is hoog bo die water geleë,(✓) weg van muskiete en gevolglik malaria. (✓)	2	1
1.18	Dit is 'n kerk wat hom toespits op sendingwerk, Christelike bearbeiding van die plaaslike bevolking.	1	1
1.19	Obed het hierdie plek, die sendingstasie waar hy opsigter is, (✓) sy tuiste gemaak, hy vind hier hartsgeluk. (✓) Sy stralende (✓) gesig sê dat hy baie gelukkig is.	3	4
1.20	Dit hou die belofte in van 'n goeie lewe,(✓) 'n lewe sonder vrees, met die hoop en vooruitsig (✓) op die mooi, die regverdige in die lewe. (✓)	3	4
	TOTAAL AFDELING A:	30	

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
 - o 7 punte vir 7 feite (een punt vir elke feit)
 - o 3 punte vir taal
 - o Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - o 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - o 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - o 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
 - o 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - o 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - o Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - o Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - o Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
 - o Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepeenaliseer word nie.

'N NUWE BEGIN, SÊ NATANIËL

	AANHALINGS UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
1	Nie 'n afskeid nie, net nog 'n tree op my pad saam met hierdie geliefde stad.	A	Die verbintenis met hierdie stad is vir Nataniël 'n nuwe, opwindende begin
2	Ek het van die eerste dag tuis gevoel, was verlief op elke straat met sy beloftes en skoonheid.	B	Hy het vanaf die begin tuis en geborge gevoel
3	Die winkels waarvoor jy Parys toe gevlieg het, het takke in Nantes. Dis Parys sonder aggressie en 'n oormaat toeriste.	C	Nantes verpersoonlik Parys met minder toeriste en takke van al die gunstelingwinkels.
4	Omdat hier 'n groot universiteit is, fabrieke en die Londense Gatwick minute weg is, is die meeste mense Engels magtig. Dit vergemaklik vakansie of 'n werkprojek.	D	Kommunikasie is geen probleem nie; 'n universiteit, fabrieke en Gatwick gerieflik naby, veroorsaak dat Engels 'n gemaklike voertaal is.
5	Nataniël wou graag die Europese koue, kosse en dorpslewe met die kyker op die program deel.	E	Die program beeld die Europese winter, die dorpslewe en kosse met flair uit.
6	Ek hou van jasse, serpe, stewels en handskoene.	F	Die kunstenaar se liefde vir knus, warm klere vind byval by die klimaat.
7	Wanneer jy uiteindelik in 'n plek beland met dieselfde prioriteite as jou eie, vind jy 'n geluk en 'n genesing wat nie verduidelik hoef te word nie.	G	'n Plek wat jou prioriteite versinnebeeld dra by tot geluk en sielevrede.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

<p>Die verbintenis met hierdie stad is vir Nataniël 'n nuwe, opwindende begin. Hy het vanaf die begin tuis en geborge gevoel. Nantes verpersoonlik Parys met minder toeriste en takke van al die gunstelingwinkels. Kommunikasie is geen probleem nie. 'n Universiteit, fabrieke en Gatwick gerieflik naby, veroorsaak dat Engels 'n gemaklike voertaal is. Die program beeld die Europese winter, dorpslewe en kosse met flair uit. Die kunstenaar se voorkeur vir warm, knus klere vind byval by dié klimaat. 'n Plek wat jou prioriteite versinnebeeld, dra by tot geluk en sielevrede.</p> <p style="text-align: right;">Getal woorde: 88</p>
--

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**Nasien van hierdie afdeling**

- Spelling
 - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksie moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Afskeep familietyd/verwaarloosde familietyd	1
3.2	aanbiedinge	1
3.3	die heel beste/van die heel beste	1
3.4	Drie duisend drie honderd sewe en sestig rand/ Drieduisend driehonderd sewe-en-sestig rand (Sien AWS p.194)	1
3.5	Dit is net 'n klipgooi buite die stad en hier sal jy ongelooflike stilte en ontspanning kan beleef.	1
3.6	soekende	1
3.7	kroegies (<i>meervoud!</i>)	1
3.8	uitmuntende/skitterende/uitstaande/gehalte	1
3.9	Terwyl die dag breek, kan jy kom luister na die .../ Saans met sonsondergang kan jy kom luister na die ...	1
3.10	Aanwysende wyse	1
	TOTAAL	10

VRAAG 4: STROKIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging	1
4.2	Die minste	1
4.3	In hierdie sinsverband beteken chaperone iemand wat kan toesig hou oor die kinders.	1
4.4	Die tydsverloop word telkens met die woord "LATER" aangedui.	1
4.5	Klankverspringing vind plaas/Die uitspraakverskynsel metatesis kom voor.	1
4.6	"jou"	1
4.7	Die ma weier om haar kind/seun sonder 'n chaperone te laat vakansie hou.(√) Die seun is te jonk om sy pa se ATKV-kaart te gebruik; hy is nog minderjarig. (√)	2
4.8	Hulle is nie baie tevrede/gelukkig nie. (√) 'n Mens kan dit uit hul gesigsuitdrukkings aflei. (√)	2
	TOTAAL:	10

VRAAG 5: ARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	5.1.1 Deur die hele eiland te reis/ons gaan nie eers probeer om al die besienswaardighede te besoek/te sien nie 5.1.2 laserskyf/kompakskyf/laserplaat	½ ½
5.2	5.2.1 restourant 5.2.2 Christin	½ ½
5.3	5.3.1 toegeswaai 5.3.2 soortnaam/selfstandige naamwoord soortnaam	½ ½
5.4	Tanzaniese	½
5.5	Zanzibari's (meervoud!)	½
5.6	Versigtig beplan aan die opdrag; dit bevat 'n slaggat of twee/n Mens moet op jou lewenspad versigtig wees om nie in elke slaggat te trap nie. (Ander dergelike voorbeelde kan deur die kandidaat voorsien word)	1
5.7	Hulle vasteland is hier die laaste keer deur die meeste slawe gesien./Die vasteland is hier deur die meeste slawe die laaste keer gesien.	1
5.8	Die resensent sê dat daardie filmfees vanaf die volgende dag plaasvind.	1
5.9	Niemand gaan vanoggend op die speserytoer nie./ Geeneen gaan vanoggend op die speserytoer nie.	1
5.10	Vakansies is gemaak om leeg te lê en niks te doen nie./ Hy lê al die hele vakansie leeg en doen niks produktief nie!	1
5.11	om af te sluit (√) sleutel/ (√) slot	½ ½
	TOTAAL:	10

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70